

Vrydag 30 Junie

Skrifgedeelte: Johannes 6:47-59

Fokusgedeelte: Johannes 6:53-54

Glo en jy sal lewe!

Dit was die dag nadat Jesus meer as 5 000 mense met vyf brode en twee vissies gevoed het. Van oraloor daag daar mense op om hierdie profeet van wonderwerke te kom ontmoet. Ons hoor egter die hartseer in Jesus se woorde: Julle soek My, nie omdat julle die wondertekens gesien het nie, maar omdat julle van die brood geëet het en versadig geword het.

Stap vir stap leer Jesus hulle nou om dieper te kyk as bloot die versadiging van hulle honger, om Hom in die geloof as die Brood van die lewe te sien. Aardse brood, soos die manna in die woestyn aan hulle voorouers, stil net jou honger, maar as jy in Jesus Christus die Verlosser en Redder van sonde raaksien, stil jou onrustigheid en onsekerheid in 'n aardse lewe, dit bied jou die sekerheid en vrede van 'n ewige lewe.

Jesus roep hulle op tot geloof. As julle nie die liggaam van die Seun van die mens eet en sy bloed drink nie, het julle nie die lewe in julle nie. Verre-gaande om dit letterlik te wil verstaan, vrymakend om dit in geloof te begryp. Aan die kruis gee Hy sy liggaam en bloed, sy lewe, om ons lewens vry te maak van sonde en die ewige dood, om ons lewens te vul met die opstanding tot 'n ewige lewe.

Aardse brood stil net jou honger, geloof in Jesus Christus as die Brood van die lewe stil jou honger na vrede en rus by God. Geloof in Jesus Christus se offer van sy liggaam en bloed aan die kruis laat jou by die onrus, die twyfel, en die onsekerheid van hierdie lewe verby-kyk na die heerlikheid van 'n ewige lewe by God.

Sing: Skrifberyming 2-4:3

Ds. WGM (Willem) Kotze (Rooihuiskraal)